
Naam: ____________________ Datum: ______________

# Begripstoets



## Spinnekop

'n Spinnekop is siesa. Hy het 8 lang bene en meer as 2 oë.

Hulle eet goggas soos 'n vlieg, miere en motte.

Pasop vir 'n spinnekop! As hy jou byt is jy dalk net jou lewe kwyt.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoeveel bene het 'n spinnekop?

_______________________________________________

2. Wat eet 'n spinnekop alles?

_______________________________________________

3. Dink jy 'n spinnekop is gevaarlik? Hoekom?

_______________________________________________

_______________________________________________

4. Hou jy van 'n spinnekop?

_______________________________________________

_______________________________________________


Naam: ____________________ Datum: _____________

# Begripstoets

## Ellie eend

Ellie eend is 'n klein geel eendjie. Sy het 'n nes uit stokke gebou om haar eiers in te lê. Sy het 3 wit eiers gelê.

Dis amper tyd vir haar kuikens om uit te broei.



Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is die eendjie se naam?

_______________________________________________

2. Hoe lyk Ellie eend?

_______________________________________________

3. Waaruit het sy haar nes gebou?

_______________________________________________

4. Hoeveel eiers het sy gelê?

_______________________________________________

5. Wat gaan uit die eiers broei?

_______________________________________________

Naam: ____________________ Datum: _____________

# Begripstoets

## Karel kampeelperd

Karel die kampeelperd het 'n baie lang nek. Hy kan blare hoog in 'n boom eet. Hy is die langste van al die diere.



Hy is geel met klomp pragtige bruin kolle. As Karel dors is kniel hy voor die water met sy lang bene om te drink.

Kameelperde is wonderlik.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Het Karel 'n lang of kort nek?

   ______________________________________________

2. Hoe lyk Karel die kameelperd?

   ______________________________________________

3. Hoe drink hy water?

   ______________________________________________


4. Het jy al ooit 'n kameelperd gesien? Waar?


   ______________________________________________

   ______________________________________________

Naam: ____________________ Datum: ______________

# Begripstoets





## Groente en Vrugte

Mamma sê ons moet baie groente en vrugte eet. Sy sê dit help ons om te groei en dit hou ons gesond.



Ek hou baie van appels, pampoen en wortels, maar Dawie wil nooit sy wortels eet nie. Mamma sê wortels laat mens beter sien!

Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom moet 'n mens groente en vrugte eet?

__________________________________________________

__________________________________________________

2. Van watter groente hou jy?

__________________________________________________

3. Wat wil Dawie nie eet nie?

__________________________________________________

4. Waarvoor help wortels sê mamma?

__________________________________________________

Naam: __________________ Datum: ____________

# Begripstoets

## Ben se fiets

Ben koop vir hom 'n nuwe fiets. Die fiets is rooi.

Ben se maatjie, Koos, het n blou fiets.

Koos het n papwiel gekry, omdat hy oor n spyker gery het. Hy was baie hartseer.



Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat het Ben vir hom gekoop?

______________________________________________

2. Watter kleur was sy fiets?

______________________________________________

3. Watter kleur was Koos se fiets?

______________________________________________

4. Hoe het Koos 'n papwiel gekry?

______________________________________________

______________________________________________